## 16.14 RAPPORT 8 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – NEDERLAND (Art 125)

## 16.14 REPORT 8 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – THE NETHERLANDS (Art 125)

A. Ds ASA de Bruyn stel die Rapport.
Rev. ASA de Bruyn tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. Ds William Middelkoop reageer namens die Christelijk Gereformeerde Kerken in Nederland, wys op die moontlikheid dat die kerke mekaar kan help in hul worstelinge met die verskille wat bestaan en beklemtoon dat die situasie rondom GKSA Soutpansberg steeds vir hulle as kerkgemeenskap moeilik bly.
Rev. William Middelkoop responds on behalf of the Christelijk Gereformeerde Kerken in the Netherlands, points to the possibility that the churches can help each other in their struggles with the differences that exist and emphasizes that the situation around GKSA Soutpansberg remains difficult for them as a church community.

D. Ds Theo Havinga reageer namens die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) en Nederlands Gereformeerde Kerken en spreek die hoop uit dat in die toekoms die eenheidsbande behou kan word.
Rev. Theo Havinga responds on behalf of the Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) and Nederlands Gereformeerde Kerken and expresses the hope that in the future the unity ties can be maintained.

E. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **Deputate verantwoordelik vir die lessenaar:** Ds HS Coetzee(s), ds MA Modise, dr HM Zwemstra en prof SP van der Walt. | **Deputies appointed to this desk:** Rev. HS Coetzee(c), Rev. MA Modise, Dr HM Zwemstra and Prof SP van der Walt. |
| **1. Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGK)**<br>Ekumeniese eenheid | **1. Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGK)**<br>Ecumenical Unity |
| 1.1 *Opdrag* | 1.1 *Mandate* |
| 1.1.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en CGK | 1.1.1 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical unity between the GKSA and CGK. |
| 1.1.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 1.1.2 This unity is to be sustained and bolstered by *inter alia* mutual visits by Deputies and cooperation on a practical level. |
| 1.1.3 Die Deputate moet voortgaan om met die CGK in gesprek tree oor hoe hulle bande met Soutpansberg die bande met die GKSA beïnvloed | 1.1.3 The Deputies are to continue discussions with the CGK over how their ties to Soutpansberg impact on their ties with the GKSA. |
| **Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1.1 to 1.1.3 noted.** |
| <u>*Sake waarvan die Sinode kennis neem*</u> | <u>*Matters that the Synod takes note of*</u> |
| 1.2 *Uitvoering van opdrag* | 1.2 *Fulfilment of task* |
| 1.2.1 Ds HS Coetzee het die Sinode van die CGK gedurende Januarie 2020 | 1.2.1 Rev. HS Coetzee attended the January 2022 Synod of the CGK. He conveyed |

| | |
|---|---|
| besoek. Hy het die groete van die GKSA oorgedra en op hulle versoek, die standpunt van die GKSA ten opsigte van vroue in die besondere dienste gestel. | the GKSA's greetings and upon their request put forth the GKSA's stance on women's admission to the offices. |
| 1.2.2 Tydens die Sinode was afgevaardigdes van Soutpansberg ook teenwoordig en die hoop is uitgespreek dat gesprek tussen die GKSA en Soutpansberg weer sal begin. | 1.2.2 Delegates of Soutpansberg also attended the Synod and the hope was expressed that discussions between the GKSA and Soutpansberg would resume. |
| 1.2.3 Die Sinode kon weens die Covid-19-pandemie eers gedurende April 2022 moeilike debatte oor kerklike eenheid en die vrou in die besondere dienste voer. Daar bestaan binne die CGK spanning aangesien 'n aantal kerke reeds vroue as ouderlinge bevestig het. | 1.2.3 The Synod could only engage in difficult debates over church unity and women's admission to the special offices in April 2022, due to the Covid-19 pandemic. Tensions are high within the CGK since a number of churches have already admitted women as elders. |
| 1.2.4 Die Sinode het op 22 April 2022 besluit dat die standpunt, dat vroue nie in die besondere dienste mag dien nie, gehandhaaf word. Kerke wat hulle nie aan die besluite van die Sinode hou nie, is vermaan om aan die besluite gehoor te gee. Klassisse is opgeroep om geduldig en in liefde met kerke wat hiervan verskil in gesprek te tree en hulle te vermaan. | 1.2.4 The Synod of 22 April 2022 upheld the stance that women may not be admitted to the offices of elder and minister. Churches failing to comply with this decision was urged to do so. Classes were called to broach this subject with patience and love with such churches and urge them to comply. |
| **Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.2.1 to 1.2.4 noted.** |
| <u>*Sake waaroor die Sinode besluit*</u> | <u>*Matters that the Synod decides on*</u> |
| 1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)* | 1.3 *Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)* |
| 1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en CGK | 1.3.1 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical unity between the GKSA and CGK |
| 1.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 1.3.2 This unity is to be sustained and bolstered by *inter alia* mutual visits by Deputies and cooperation on a practical level. |
| 1.3.3 Die Deputate moet voortgaan om met die CGK in gesprek tree oor hoe hulle bande met Soutpansberg die bande met die GKSA beïnvloed. | 1.3.3 The Deputies are to continue discussions with the CGK over how their ties to Soutpansberg impact their ties with the GKSA. |
| **Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.3 goedgekeur.** | **Decision: Points 1.3.1 to 1.3.3 approved.** |
| **2. Nederlands Gereformeerde Kerken (NedlGK)** | **2. Nederlands Gereformeerde Kerken (NedlGK)** |
| Ekumeniese eenheid | Ecumenical Unity |
| 2.1 *Opdrag* | 2.1 *Mandate* |
| 2.1.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande | 2.1.1 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical unity between the GKSA |

| | |
|---|---|
| ekumeniese eenheid tussen die GKSA en NedlGK. | and NedlGK. |
| 2.1.2 Dat die Sinode kennis neem dat die Deputate van die GKSA geleentheid gehad het om insette te lewer in die besluitneming van die NedlGK met betrekking tot mense wat in homoseksuele verhoudings leef. | 2.1.2 The Synod is to take note that the Deputies had the opportunity to offer input into decisions of the NedlGK regarding people involved in homosexual relationships. |
| 2.1.3 Dat daar met dank kennis geneem word van die sendingbetrokkenheid van die NedlGK in Suid Afrika | 2.1.3 Note is to be taken, with thanks, of the NedlGK's missionary activities in South Africa. |
| 2.1.4 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 2.1.4 Unity is to be sustained and bolstered by *inter alia* mutual visits by Deputies and cooperation on a practical level. |
| **Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1.1 to 2.1.4 noted.** |
| <u>*Sake waarvan die Sinode kennis neem*</u> | <u>*Matters that the Synod takes note of*</u> |
| 2.2 *Uitvoering van opdrag* | 2.2 *Fulfilment of task* |
| 2.2.1 Gesprekke met die Deputate is tydens ds Coetzee se besoek gedurende Januarie 2020 aan Nederland gevoer. | 2.2.1 Discussions were held during Rev. Coetzee's visit to the Netherlands in January 2020. |
| 2.2.2 Die "hereniging" van die NedlGK en die GK(v) is hoog op die agenda van die kerke. Sedert 2020 het die pad ver gevorder. Die nuwe kerkorde is feitlik gefinaliseer en die beoogde hereniging word DV beplan vir die tweede helfte van 2023. Daar bestaan tans net een gesamentlike Deputategroep wat namens die twee kerke verantwoordelik is vir kontak met buitelandse kerke. | 2.2.2 The "reunification" of the NedlGK and GK(v) is high on the agenda of the churches. Great progress has been made since 2020. The new church order has virtually been finalised and the anticipated reunification is planned DV for the second half of 2023. Only one group is at present been given the responsibility for ecumenical contact with foreign churches. |
| 2.2.3 Op 8 Junie 2022 het 'n Zoomgesprek tussen ons Deputate wat met die Nederlande gemoeid is en van hierdie gesamentlike Deputate plaasgevind. 'n Oop gesprek is gevoer, ook ten opsigte van die GKSA se standpunt oor vroue in die besondere dienste en dat ons van voorneme is om met kerke wat wel vroue in die dienste toelaat in gesprek te tree met betrekking tot die hermeneutiek en eksegese wat tot die besluitneming aanleiding gegee het. | 2.2.3 A Zoom meeting took place on 8 June 2022 between our Deputies and the above group of Deputies. It was an open discussion, also addressing the GKSA's stance on women in the special offices and our intention to enter into discussion with churches who allow women to these offices in terms of the hermeneutics and exegesis that led to this decision. |
| **Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.2.1 to 2.2.3 noted.** |
| <u>*Sake waaroor die Sinode besluit*</u> | <u>*Matters that the Synod decides on*</u> |
| 2.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)* | 2.3 *Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)* |
| 2.3.1 Dat ons dankbaar is vir 'n oop en | 2.3.1 We are thankful that frank and |

| | |
|---|---|
| opbouende gesprek wat op die manier via die elektroniese platform gevoer kon word. | constructive discussions could occur thanks to an electronic platform. |
| 2.3.2 Dat dit nie nou sinvol gaan wees om die gesprek oor vroue in die dienste van ouderlinge en predikante met die twee afsonderlike kerkverbande te voer nie. | 2.3.2 It would not be fruitful to hold discussions right now about the matter of women's admission to the offices of elder and minister with two separate denominations. |
| 2.3.3 Dat die gesprek oor vroue in die dienste van ouderling en predikant deel moet vorm van die groter gesprek oor die kerklike bande met die te stigte nuwe kerkverband. | 2.3.3 This discussion should form part of a greater discussion over church ties with the yet to be established new denomination. |
| 2.3.4 Dat daar nie nou, sonder indringende gesprekvoering, enige veranderings ten opsigte van ons verhoudinge met die kerke gemaak word nie. | 2.3.4 No changes will be made to our relationship with these churches until the necessary discussions can take place. |
| 2.3.5 Dat die kerke genooi word om iemand af te vaardig na die GKSA se Sinode in 2023. Tydens die Sinode sal die afgevaardigdes hulle kan vergewis van die standpunte van die GKSA. Gesprekke sou ook dan met die Deputaat/te gevoer kan word. | 2.3.5 These churches are to be invited to attend GKSA's Synod in 2023. These delegates can then learn about standpoints taken by the GKSA. Discussions can then be held with the Deputies. |
| **Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.5 goedgekeur.** | **Decision: Points 2.3.1 to 2.3.5 approved.** |
| **3. Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKv)**<br>Ekumeniese eenheid | **3. Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKv)**<br>Ecumenical Unity |
| 3.1 *Opdrag* | 3.1 *Mandate* |
| 3.1.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en GKv. | 3.1.1 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical unity between the GKSA and GKv. |
| 3.1.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 3.1.2 This unity is to be sustained and bolstered by *inter alia* mutual visits by Deputies and cooperation on a practical level. |
| 3.1.3 Dat daar deur die bywoning van die Buitelandse week heelwat kontak met Deputate van ander kerke gemaak is. Die geleentheid moet sover moontlik in die toekoms benut word. | 3.1.3 Note is to be taken that attending the International Week led to contact with the Deputies of a range of other churches. This opportunity should be utilised as much as possible in future. |
| 3.1.4 Dat Deputate vasstel hoe die besluit van die GKv om al die besondere dienste vir vroue oop te stel die GKSA se bande met die GKv beïnvloed en aan die volgende Algemene Sinode hieroor aanbevelings maak. (Opdrag 3.1.4 uit aanvullende rapport) | 3.1.4 The Deputies must determine how the GKv's decision to admit women to all the offices of the church influences the GKSA's ties with the GKv and offer recommendations to the next General Synod. (Instruction 3.1.4 of supplementary report.) |
| **Besluit: Punte 3.1.1 tot 3.1.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 3.1.1 to 3.1.4 noted.** |

| *Sake waarvan die Sinode kennis neem* | *Matters that the Synod takes note of* |
|---|---|
| 3.2 *Uitvoering van opdrag* | 3.2 *Fulfilment of task* |
| 3.2.1 Die Sinode van Meppel het in 2017 besluit dat vroue in die dienste toegelaat kan word | 3.2.1 The Synod of Meppel decided in 2017 to admit women to all the offices. |
| 3.2.2 Dr Douw Breed was afgevaardig (prof Jorrie Jordaan, wat ook afgevaardig was, kon weens gesondheidsprobleme nie saamgaan nie) om in Januarie 2020 tydens die buitelandse week van die GK(v) deel te neem aan besprekings van buitelandse kerke rakende die besluit te Meppel. Hy het 'n ernstige beroep op die Sinode gedoen om te besin oor die hermeneutiese beginsels waarvolgens die besluit geneem is en het sy besorgdheid uitgespreek oor die koers wat die GK(v) met die besluit ingeslaan het. | 3.2.2 Dr Douw Breed was delegated (Prof Jorrie Jordaan, also delegated, could not attend for health reasons) to enter into discussions regarding the above decision during the Foreign Week of January 2020. He made a serious call on the Synod to reconsider the hermeneutical principles on which the decision was based and expressed his concern over the course the GK(v) was taking with this decision. |
| 3.2.3 Die Sinode het by 'n latere sitting van die Sinode, op 5 September 2020 te Goes eenparig besluit dat geen van die Beswaarskrifte teen die besluit van Meppel slaag nie en dat daar dus met die besluit voortgegaan word. | 3.2.3 The Synod unanimously denied at a later session of the Synod, on 5 September 2020 in Goes, all objections raised against the decision of Meppel and to uphold it. |
| 3.2.4 Die "hereniging" van die NedlGK en die GK(v) is hoog op die agenda van die kerke. Sedert 2020 het die pad ver gevorder. Die nuwe Kerkorde is feitlik gefinaliseer en die beoogde hereniging word DV beplan vir die tweede helfte van 2023. Daar bestaan tans net een gesamentlike Deputategroep wat namens die twee kerke verantwoordelik is vir kontak met buitelandse kerke. | 3.2.4 The "reunification" of the NedlGK and GK(v) is high on the agenda of the churches. Great progress has been made since 2020. The new church order has virtually been finalised and the anticipated reunification is planned DV for the second half of 2023. Only one group is at present responsible for ecumenical contact with foreign churches. |
| 3.2.5 Op 8 Junie het 'n Zoomgesprek tussen ons Deputate wat met die Nederlande gemoeid is en van hierdie gesamentlike Deputate plaasgevind. 'n Oop gesprek is gevoer, ook ten opsigte van die GKSA se standpunt oor vroue in die besondere dienste en dat ons van voorneme is om met kerke wat wel vroue in die dienste toelaat in gesprek te tree met betrekking tot die hermeneutiek en eksegese wat tot die besluitneming aanleiding gegee het. | 3.2.5 A Zoom meeting took place on 8 June 2022 between our Deputies and the above group of Deputies. It was an open discussion, also addressing the GKSA's stance on women in the special offices and our intention to enter into discussion with churches who allow women to these offices in terms of the hermeneutics and exegesis that led to this decision. |
| **Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.5 kennis geneem.** | **Decision: Points 3.2.1 to 3.2.5 noted.** |

| | |
|---|---|
| *Sake waaroor die Sinode besluit* | *Matters that the Synod decides on* |
| 3.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)* | 3.3 *Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)* |
| 3.3.1 Dat ons dankbaar is vir 'n oop en opbouende gesprek wat op die manier via die elektroniese platform gevoer kon word. | 3.3.1 We are thankful that frank and constructive discussions could occur thanks to an electronic platform. |
| 3.3.2 Dat dit nie nou sinvol gaan wees om die gesprek oor vroue in die dienste van ouderlinge en predikante met die twee afsonderlike kerkverbande te voer nie. | 3.3.2 It would not be fruitful to hold discussions right about the matter of women's admission to the offices of elder and minister with two separate denominations. |
| 3.3.3 Dat die gesprek oor vroue in die dienste van ouderling en predikant deel moet vorm van die groter gesprek oor die kerklike bande met die te stigte nuwe kerkverband. | 3.3.3 This discussion should form part of a greater discussion over church ties with the yet to be established new denomination. |
| 3.3.4 Dat daar nie nou, sonder indringende gesprekvoering, enige veranderings ten opsigte van ons verhoudinge met die kerke gemaak word nie. | 3.3.4 No changes will be made to our relationship with these churches until discussion can take place. |
| 3.3.5 Dat die kerke genooi word om iemand af te vaardig na die GKSA se Sinode in 2023. Tydens die Sinode sal die afgevaardigdes hulle kan vergewis van die standpunte van die GKSA. Gesprekke sou ook dan met die Deputaat/te gevoer kan word | 3.3.5 These churches are to be invited to attend GKSA's Synod in 2023. These delegates can then learn about standpoints taken by the GKSA. Discussions can then be held with the Deputies. |
| **Besluit: Punte 3.3.1 tot 3.3.5 goedgekeur.** | **Decision: Points 3.3.1 to 3.3.5 approved.** |
| **4. Protestantse Kerk in Nederland (PKN)** Ekumeniese kontak | **4. Protestantse Kerk in Nederland (PKN)** Ecumenical Contact |
| 4.1 *Opdrag* | 4.1 *Mandate* |
| Dat daar, in die lig van die samestelling van die PKN en die feit dat hulle kerklike bande nie rondom konfessionele sake gesluit word nie, nie nadere ekumeniese kontak met die PKN gesoek word nie. Ekumeniese kontak word wel behou en samewerking kan steeds plaasvind waar dit na vore kom. | In light of the composition of the PKN and that their church ties are not established in reference to confessional matters no further ecumenical contact is to be sought with the PKN. Ecumenical contact will however still be continued and collaboration may occur as the opportunity presents itself. |
| **Besluit: Kennis geneem.** | **Decision: Noted.** |
| *Sake waarvan die Sinode kennis neem* | *Matters that the Synod takes note of* |
| 4.2 *Uitvoering van opdrag* | 4.2 *Fulfilment of task* |
| Geen kontak is gedurende die termyn plaasgevind nie. | There was no contact during the past term. |
| **Besluit: Kennis geneem.** | **Decision: Noted.** |
| *Sake waaroor die Sinode besluit* | *Matters that the Synod decides on* |
| 4.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)* | 4.3 *Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)* |
| Dat daar, in die lig van die samestelling van die PKN en die feit dat hulle kerklike bande nie rondom konfessionele sake gesluit word nie, | In light of the composition of the PKN and that their church ties are not established in reference to confessional matters no further ecumenical contact is |

| | |
|---|---|
| nie nadere ekumeniese kontak met die PKN gesoek word nie. Ekumeniese kontak word wel behou en samewerking kan steeds plaasvind waar dit na vore kom.<br>**Besluit: Goedgekeur.** | to be sought with the PKN. Ecumenical contact will however still be continued and collaboration may occur as the opportunity presents itself.<br>**Decision: Approved.** |